PREEKOPSOMMING



Junie preekreeks: Moses en die kinders van Israel – Lesse vir 2008.

Tema nr 1: 'n Les oor geloofsmoed.

Teksvers: ***"As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek beloon."*** ***(Hebreërs 11:6).***

Datum: 8 Junie 2008.

Prediker: Dr Johan Kruger (Tel: 057 3882526/ 0842568031)

Getuienis van Moses

Aan die einde van Moses se lewe word daar in Deuteronomium 34:10 gesê: ***"Daar het nie weer 'n profeet in Israel opgetree wat soos Moses was nie. Hy het die Here persoonlik geken."*** Indien Moses so 'n uitstaande geloofsheld was, dan is daar baie vir ons om van die man te leer. Indien ons Moses se lewe kon opsom sou ons kon sê dat hy iemand was wat met geloofsmoed geloop het omdat hy deeglik bewus was van God se krag en God se nabyheid. Indien jy deeglik bewus is van God se krag en presies weet Wie die God is wat by jou is, dan loop jy treë vir treë vorentoe met geloofsmoed (dit noem ons ***"courage"***) ... om God se wil te doen.

Hebreërs 11:6

Die kernteksvers is Hebreërs 11:6: ***"As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon."*** Vergelyk ook die Engelse vertaling: ***"And without faith it is impossible to please God, because anyone who comes to him must believe that he exists and that he rewards those who earnestly seek him."*** (Hebrews 11:6) As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil hê jy moet doen. As jy nie glo nie, is dit onmoontlik om daardie treë vorentoe te gee wat God graag wil hê jy moet gee. Die res van Hebreërs 11 handel dan oor gelowiges (noem hulle geloofshelde) wat ten spyte van omstandighede en ten spyte van twyfel en kennis en insig wat hulle het van die toekoms, het hulle vorentoe getree en gedoen wat God behaag. Dit is geloofsmoed! Vanaf vers 23 tot 29 lees ons van Moses se verhaal.

Vrees – ons groot hindernis

Die een enkele ding wat in ons geloofslewe 'n hindernis is wat ons keer om God se wil te doen is vrees. As God jou roep vir 'n saak is dié ding wat jou keer om vir die Here daardie treë in geloof te gee vrees. God het dit ook so verstaan en daarom kry ons 366 teksverse in die Bybel met die opdrag ***"Moenie vrees nie"*** of ***"Moenie bang wees nie, want die Here is by jou."*** Wat ons nodig het om ten spyte van ons vrees tog 'n treë in geloof te gee en God se wil te doen is Geloofsmoed. Geloofsmoed is nie die afwesigheid van vrees nie, maar dit is om vorentoe te gaan en ten spyte van vrees God se wil te doen, omdat ... jy weet God is by jou.

Geloofsmoed in die lewe van Moses

Uit die lewe van Moses sien ons hoe geloofsmoed groei en ontwikkel. Hier is drie maniere van belang.

1. Geloofsmoed groei wanneer jy eers die stryd binne-in jou veg.

In Eksodus 2 lees ons waar Moses 'n Egiptenaar doodmaak en toe hy sy eie mense uitmekaar wil maak omdat hulle baklei, ervaar hy verwerping van sy eie mense. Hy vlug dan na Median toe in die woestyn. Daar worstel hy met innerlike "issues" oor sy kinderjare. Hy is alleen ... besig om sy skoonpa se kleinvee op te pas. Dan beleef hy ook 'n groot stuk onsekerheid oor sy

toekoms. In Eksodus 3 verskyn God aan Moses deur die episode van die brandende doringbos. God forseer eintlik vir Moses om met al die goed binne-in homself te worstel om die goed binne-in hom uitte sorteer. In Eksodus 4, nadat die Here vir Moses gesê het om terug te gaan na Egipte om sy volk uit te lei, ervaar Moses hierdie diep onsekerheid. Geloofsmoed groei wanneer ons eers die stryd binne-in ons veg.

Wat is die goed binne-in jou wat jou keer om te doen wat God wil hê jy moet doen?

Verglyk Moses se worsteling in Eksodus 3:11 nadat die Here hom na farao stuur as Moses dan vir die Here vra: ***"Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag en dat ék die Israeliete uit Egipte sou bevry?"*** Moses ervaar gevoelens van onwaardigheid en onbekwaamheid. En dan sê die Here (vers 12): ***"Ek sal by jou wees..."*** Die Almagtige God sal by jou wees... dit is al wat jy nodig het – dit is net wat jy nodig het. Die Here sal by jou wees. Vergelyk ook Eksodus 4:10 en 12.

Vir almal wat op een of ander manier worstel met innerlike goed wat jou keer om God se wil te doen, lees weer Josua 1:9 en Psalm 56:4 en 5.

2. Geloofsmoed groei wanneer jy die bekende verlaat.

Die idee wat ons baie keer van ons kinderbybel-dae van Moses het, is dat sy lewe eintlik een lekker plesierige avontuur was - 'n brandendedoringbos wat nie uitbrand nie, 'n kierie wat 'n slang word en dan die uitsonderlike gebeure rondom die tien plae. Maar Moses het 40 jaar in die woestyn gebly na die moord op 'n Egitenaar. Hy het veertig jaar rustig gebly, skoonpa se kleinveé opgepas, vroutjie getrou en kinders groot gemaak. Dit was 'n baie rustige lewe. Eksodus 7:7 sê dat Moses 80 jaar oud was toe die Here hom kom roep het om na die farao te gaan... Praat van "'n comfort zone" ('n gemaksone)! En so het sy geloofsmoed gegroei deur dat die Here Moses telkemale uit sy bekende omgewing geroep om die volgende geloofstreë saam met die Here te gee. Ons as mense hou maar van ons gemaksones en ons is dikwels bang om die bekende te los. God roep ons normaalweg uit ons gemaksones om iets vir Hom te doen. Die uitdaging is: Laat los die bekende, want God is saam met jou... Hy gaan saam met jou elke treë wat jy in geloof gee.

3. Geloofsmoed groei as jy 'n lewensdoel het wat groter is as jou omstandighede.

Om 2 miljoen mense uit slawerny te lei op pad Beloofde Land toe, en die meeste van hulle is nog 'n klomp ondankbare goed wat later kort-kort wil teruggaan Egipteland toe, was vir Moses nie maklik nie. Dit was hard en moeilik. Maar Moses het 'n lewensdoel gehad waarvoor die Here hom kom roep het wat groter en belangriker was as sy omstandighede. Lees gerus weer die res van Hewbreërs 11. Kyk ook weer na Paulus se lewens doel in Filippense 1:20 en 21:

"Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe, want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins." Paulus sê dat wanneer Christus jou lewensdoel is, kan jy nie verloor nie. Ja, soms is die lewe nie alte lekker nie, soms is die lewe onregverdig – maar indien jou lewensdoel groter is as as jou omstandighede sal jy geloofsmoed hê om God se wil vir jou lewe te doen.

Die vraag is: ***Het jy 'n lewensdoel wat groter is as jou omstandighede?*** Indien jy vandag sê dat jy bitter min of weinig geloofsmoed het, kan dit wees dat jy nie so 'n lewensdoel soos Paulus het nie. As jou lewensdoel is om net Christus te verheerlik – om vir jou kinders te leer van Jesus en hoe om alleen Hom te dien en volg, om jou huweliksmaat te help groei in Hom, Jesus te bely voor mense, om vir mense van die Here te vertel dan sal jou geloofsmoed groei en groei. Luister na die bekende gelkoofsdoel van die bekende sendeling, DL Moody: ***"I'm going to heaven and I want to take as many as possible with me."***

Moses het geloofsmoed nodig gehad om God se wil te doen. Jy het dit ook nodig. Jou geloofsmoed groei as jou lewensdoel groter en belangriker is as jou omstandighede.